

VOLLEDIGE PRODUKSIEKORRELS

VOERMOL LAMHOKKORRELS

Klas: Volledige Ooi- en Lammer Voer

VOERMOL LAMHOKKORRELS is 'n volledig gebalanseerde voerkorrel vir laat dragtige- en lakterende skaap- en bokooie in intensiewe lamstelsels:

- kan net so gevoer word en is volledig gebalanseerd;
- is in korrelvorm, daarom gerieflik om te voer met geen maal- en mengkoste nie;
- is presies vermeng, bevorder doeltreffende voerbenutting en skakel vermorsing uit;
- presisie voeding is moontlik met maklik afgeweege voerhoeveelhede in gekalibreerde houers;
- bevat hoë vlakke Vitamiene A, D3 en E. Vitamiene E tesame met selenium is 'n kragtige antioksidant wat die ooi en lam se immuniteit versterk;
- is melassegebaseer, smaaklik met goeie inname;
- laat dragtige meerlingooie kry genoeg voedingstowwe in a.g.v. hoë digtheid van korrels;
- bevat gebalanseerde en voldoende hoeveelhede deurvloeioproteïene, energie, minerale en spoorminerale;
- bevat voerbymiddels om spysverteringsteurnisse, domsiekte en melkkoors te voorkom.



SAMESTELLING VAN VOERMOL LAMHOKKORRELS

REG NR V26843 (Wet 36/1947)
(g/kg)

(mg/kg)

Ruproteïen* (min)	160	Mangaan	75
Ureum (maks)	14	Koper	6
Ruvesel (maks)	150	Kobalt	1
Vog (maks)	120	Yster	50
Kalsium (min/maks)	7/10	Jodium	1
Fosfor (min/maks)	3/3.5	Sink	80
Magnesium (min)	2.8	Selenium	0.3
Swael (min)	1.2	Vitamien A (IE/kg)	3 200
Energie (MJ ME/kg)	10	Vitamien D3 (IE/kg)	300
		Vitamien E (mg/kg)	40

*31.3 % afkomstig vanaf NPN

Verpakking – 50 kg

Sien ureumwaarskuwing



VOERMOL

VOEDINGSINSTRUKSIES

Voermol Lamhokkorrels is 'n volledig gebalanseerde korrel en kan net so in lamhokke, in voerkrale of op die veld aan laatdragtige en lakterende ooie gevoer word. Verander die voeding ten minste twee weke vóór lam van 'n **Voermol Maxiwollek** na die **Voermol Lamhokkorrels** en pas stelselmatig aan. Afhangende van die beskikbaarheid van hoë kwaliteit weiding, kan die **Voermol Lamhokkorrels** vir enige tydperk gevoer word totdat die lammers gespeen word.

AANBEVOLE INNAME

- Dragtige ooie met meerlingfetusse: ongeveer 3 % van normale liggaamsmassa.
- Dragtige ooie met eenlingfetusse: 2 – 2.5 % van normale liggaamsmassa.
- Ooie met meerlinge: 4 – 4.5 % van liggaamsmassa.
- Ooie met eenlinge: ongeveer 3 % van liggaamsmassa.



VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voerinnamte voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL